DAG 20

Kennis van sy wil

Lees Kolossense 1:9-14.

Ons vra God dat julle, deur al die wysheid en die insig wat die Gees gee, tot volle kennis kan kom van wat sy wil is (v. 2b).

God soek gehoorsame kinders – mense wat sy wil wîl doen. Gehoorsaamheid beteken vir die Here meer as offerandes.

Ons kan slegs gehoorsaam wees as ons die wil van God ken. Daarom wil die Here graag aan ons sy wil vir ons lewe openbaar.

Die gelowige sien nie noodwendig nou alles oor die toekoms nie. Dit is soos om in 'n stikdonker nag met die hoofligte van die motor aan te ry. Jy sien nie die eindbestemming nie, maar hoe verder jy vorentoe beweeg, hoe meer sien jy van die pad wat voorlê.

Baie mense is bang om God se wil vir hulle te ontdek. Hulle dink dat dit 'n onaangename las op hulle kan plaas. Maar die wil van God bewerk die bevryding van ons volle potensiaal. Deur die wil

van God te doen, word jy reg geposisioneer vir die vervulling van die Here se skeppingsdoel met jou. Die uiteinde van God se wil in die gelowige lewe is altyd 'n lewe van oorvloedige seën en vervulling. In der waarheid is die grootste vervulling in die lewe net die wete dat jy sentraal staan in God se wilsvervulling.

Here, ek wil graag u wil vir my lewe ontdek en daarvolgens lewe. Wys my wat u plan is vir my lewe.

Aantekeninge: